BURGER (Oos Kaap), Saterdag
10 May 2008
Page : 2 #

Reaksie: Omgewingsbewustes juig

Wetsontwerp oor kusbestuur goedgekeur

Eiendomsmark gaan ly, sê ontwikkelaar

AMELIA DE MILANDER

PORT ELIZABETH. – 'n Vakansiehuis op 'n seefront-erf of gasteverblyf "met 'n eie, private strand" gaan eersdaags nie meer in Suid-Afrika gebou kan word nie.

Plaaslike omgewingsbewustes juig nadat mnr. Marthinus van Schalkwyk, minister van omgewingsake en toerisme, dié week aangekondig het die langverwagte kusbestuur-wetsontwerp is goedgekeur.

Die wetsontwerp, wat die ontwikkeling en bewaring van Suid-Afrika se kuslyn gaan reguleer, behoort eersdaags in die *Staatskoerant* gepubliseer te word.

Dit is egter slegte nuus vir die talle voornemende ontwikkelaars wat planne het om residensiële óf kommersiële eiendom op seefront-erwe te bou.

Beheermaatreëls en beperkings sal onder meer hiermee van krag wees wat deur die skep van 'n "kusbuffersone" enige ontwikkeling tussen 100 m en 1 km van die hoogwatermerk af kan verbied.

"Baie van die rykdom wat in ons kus opgesluit is, word steeds vermors weens omgewings-ongevoelige ontwikkeling en -aktiwiteite," lui die wetsontwerp-handleiding wat in die openbare deelnameproses gebruik is.

"Vir kusontwikkeling om ekologies volhoubaar te wees, moet dit die beskerming van kus-ekostelsels en die volhoubare gebruik van mariene en

Mnr. Marthinus van Schalkwyk

Praat saam

SMS jou mening na **31068**
SMS kos 50c vir Vodacom en Cell C, 76c vir MTN

kushulpbronne behels."

Volgens Van Schalkwyk sal dié wetgewing ook verhinder dat onwettige strukture langs ongerepte strande gestalte kry.

"Die siviele stappe wat teen die eienaars van onwettige vakansiehuise langs die Wildekus gedoen is, het vyf jaar geneem. Dié nuwe wet sal die regering beter beheer gee om sulke oortreders vas te vat."

Die nuwe kusbestuurwetgewing, wat 'n "holistiese benadering volg", sou ook 'n ingrypende impak op die huidige goedkeuringsproses van die sandmynbedrywighede kon hê wat reg langs die Wildekus beplan word.

"Dit is die beste nuus wat ek in 'n baie lang tyd gehoor het," het mev. Trudi Malan, omgewingskenner van Kaap St. Francis, gesê. "Daar moet dringend wetgewing ingestel word wat onder meer vir klimaatsveranderinge en die stygende seewatervlakke voorsiening maak. Ek dink dié wetsontwerp kan die antwoord wees."

Die wet beoog ook om erge stranderosie soos wat in St. Francisbaai en KwaZulu-Natal gebeur het, te voorkom.

Die Jeffreysbaaise inwonersvereniging, Kabeljous Civics, sien dié aankondiging ook as 'n oorwinning in die kleine met sy protespogings teen die beplande hotel en meer as 300 huise wat 'n Jeffreysbaai-ontwikkelaar teen die see, op die voormalige Kabeljous-woonwapark, wil bou.

"Ek is verheug om te hoor die wetgewing is eindelik goedgekeur," het mnr. Peter Blake, die Kabeljous Civics se voorsitter, gesê. "Ons glo dit sal help om goedkeuring van dié ontwikkeling te stuit – meer as die helfte van die woonwapark is immers nader as 100 m van die hoogwatermerk af."

Mnr. Warren Jack, 'n Baaise ontwikkelaar van kommersiële en nywerheidseiendom, het gesê dié wetsontwerp is aan die een kant 'n goeie ding, hoewel dit ook 'n negatiewe impak op die eiendomsmark kan hê.

"Ons het beter beheermaatreëls langs ons kus nodig met sommige gebiede wat kosbare toerisme-aantreklikhede is. As ons egter soos die res van die wêreld ons seefronteiendomme wil ontwikkel, sal dié wetsontwerp ernstig heroorweeg moet word."